Ds. PJ Kriel 08.10.2023

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen heidense liefdes vir mekaar en Christene se liefde vir mekaar. Die verskil is dat Christene glo dat Christus se liefde maak hulle reg en verander hulle innerlik terwyl heidene dit van hulle eie liefdes vir mekaar glo.Vir heidene is hulle liefdes die mag waardeur hulle alles in die wêreld regmaak en verander. Vir Christene is liefde om jouself diensbaar te bly gee in en deur alles wat verkeerd is in die wêreld.

Skriflesing 1 Tessalonisense 1: 1 – 5; 1 Korintiërs 13; 1 Kor. 1:30.

Teks 1 Kor. 13: 7 “Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verduur alles.

Tema Christus maak ons reg en verander ons om ons self in liefde te gee

1. Wie se liefde maak ons reg en verander ons, Christus se liefde vir ons of mense se liefde vir mekaar?

Dit is die verskil tussen heidense en christelike liefde: ons glo Christus se liefde maak ons reg en verander ons innerlik terwyl heidene dit van hulle eie liefdes vir mekaar glo.

Paulus wys in 1 Kor. die kontras tussen Christelike en heidense menseliefde. Heidene wil mense selfloos lief hê deur alles te wil wees vir mekaar en nie net jouself te gee en te deel nie. Heidene glo kinderagtig in liefde as ‘n mag teenoor Christene wat diensbaar lief het.

Paulus maak in 1 Kor. Nog ‘n belangrike kontras tussen heidense liefdes en christelike naaste liefde – deur te wys hoe verskil die “alles” in heidense liefde van die “alles” in christelike liefde vir mekaar.

Vir heidene is hulle liefdes die mag waardeur hulle alles in die wêreld regmaak en verander. Vir Christene is liefde om jouself diensbaar te bly gee in en deur alles wat verkeerd is in die wêreld.

Heidense liefdes wil alles regmaak en verander. Hulle wil God se taal praat waardeur hulle alles reg sê en mense reg kry. Hulle wil deur hulle liefdes as mag berge versit. Dit is alles verander en hulle wil alle kennis en geheimenisse hê waardeur hulle alles kan reg kry en verander.

Die “alles”” in christelike liefde is ‘n ander alles. Dit is liefde wat alles wat verkeerd is bedek. Liefde wat uit geloof diensbaar bly in alles wat verkeer loop. Dit is liefde wat terwyl alles verkeerd bly, alles vir liefde bly hoop en liefde wat alle skade en verliese dra om te bly liefhê terwyl alles verkeerd gaan.

So verskil heidense liefdes wat alles wil regmaak en verander deur hulle liefdes en christelike liefde wat in en deur alles wat verkeerd is, verkeerd loop, verkeerd bly en verkeerd gaan, hul self steeds diensbaar gee en wie hulle self gee aanvaar.

2. Ons liefde vir onsself en vir ons naaste is die vrug van ons vereniging met Jesus Christus as mens in die hemel.

Paulus wys hoe Christus ons regmaak in 1 Kor. 1: 30 “ Deur God is julle in Christus Jesus wat vir ons die wysheid geword het wat van God kom, regverdiging sowel as heiliging en bevryding.”
Dit is hoe Jesus Christus ons regmaak en verander in sy liefde: deur ons in te sluit en te verenig met Jesus Christus, daarom is ons in Hom. Christus maak ons reg deur Christus as mens se geregtigheid ons eie te maak. So maak God ons reg vir sy liefde en maak Hy dat ons gebrekkige liefde vir Hom reg is ten spyte van ons foute, .

Christus maak ons reg deur ons te heilig. In Hom laat God ons en ons liefde vir God volkome, dit is heilig wees, ten spyte daarvan dat ons liefde gebrekkig is. En so bevry God ons daarvan ons ons sondes as ons liefdes te glo.

So! Wat is die krag en mag wat mense reg maak? Dit is God wat ons insluit en verenig met Jesus Christus as mens en ons só mense maak wat god vrymoedig kan lief hê – reg en heilig gemaak vir God in Christus.

Jesus Christus verander ons ook innerlik deur ons reg en heilig te maak vir God. Paulus vat hierdie innerlike verandering in ons dwarsdeur sy briewe met 3 woorde saam: geloof, hoop en liefde.

1 Thes. Is die heel eerste brief wat ons van Paulus het en in die eerste verse som Hy ons innerlike verandering deur God se regverdiging en heiliging so op: die werk van julle geloof, die moeite wat julle liefde doen en die lydsaamheid van julle hoop.

Bedoelende dat god ons so innerlike verander dat ons uit geloof in sy liefde diensbaar werksaam is vir god en ons naaste, uit die liefde wat Hy in ons skep moeite doen om lief te hê en leef in die hoop dat in God en my liefde behoue bly tot in die ewigheid deur ons opstanding uit die dood uit en in die hoop dra ons en verdra ons die skade en verliese van die kwaad wat ons aangedoen word.

So is dit God wat ons innerlik verander!

3. Dit is hoe Paulus geloof, hoop en liefde in 1 Kor.13 verkondig. God het ons reggemaak deur ons in Christus regverdig en heilig vir sy liefde te maak. Hierdeur het God ons innerlik verander – Hy skep geloof in ons in sy liefde, liefde vir God en ons naaste en die hoop dat liefde vir ewig is deur ons opstanding uit die dood.

Ons liefde vir onsself en vir ons naaste, kan dit nie doen nie. Dit is nie ‘n krag of mag wat mense kan regmaak en heilig nie. Ook nie om mense innerlik te verander om te leef in liefde, uit liefde en met hoop nie.

Dit is presies net die verskil tussen christelike liefde vir jouself en jou naaste en heidense liefdes in mekaar. Hulle wil met hul liefdes doen wat God se liefde met mense doen. Hulle wil deur God se taal mense regkry en verander, glo dat hul eie liefdes berge kan versit en hul liefdes hul die kennis en geheimenisse gee om ander te reg te kry en te verander.

Hierdie heidense liefde word vandag in die kerk as “agape” liefde verkondig. God se goddelike liefde wat deur my ander mense regkry en verander. Paulus wys dat

hierdie soort liefde is niks nie. Dit is nie mense liefde vir jou naaste nie en dit is ook nie God se liefde deur jou vir ander mense nie. Daarom baat hierdie heidense liefde in mekaar niemand iets nie, nie jouself nie en ook nie ander mense nie.

Christelike liefde bedek alles. Alles wat mense verkeerd is en verkeerd doen op so wyse dat ons met al ons foute, tekortkominge en gebreke onsself nog steeds vir mekaar in liefde kan gee en aanvaar.

Heidense liefdes is kinderagtige en magtige liefde. Dit wil alles wat verkeerd is ontbloot met die geloof en houding dat hul liefdes wat as verkeerd ontbloot is, sal regkry en verander. Hulle kan en wil niks wat verkeerd is bedek nie.

4. Christelike liefde glo alles. Volgens Paulus se kwalifikasie van geloof in 1 Thes. 1: 2 gaan dit oor liefde wat werk. Werk om lief te hê en moeite doen om lief te hê in alles wat verkeerd loop. Heidense liefdes is kragdadige en magtige liefde waardeur hulle alles wil laat en kan daarom nie werk en moeite doen om lief te hê in alles wat verkeerd loop nie. Wat verkeerd loop ervaar hulle as liefde wat nie meer werk nie.

Christelike liefde hoop alles in alles wat verkeerd bly. Dit is liefde in die geborgenheid dat die gedeelde liefde van vandag, vir ewig is omdat dit deel is van ons lewe na die opstanding uit die dood uit. Daarom is ons gedeelde liefde van vandag nooit deel van alles wat in die wêreld en met ons verkeerd bly nie.

Heidense liefdes is die kinderagtigheid van magtige liefde wat bly hoop dat hulle kragdadige liefde alles wat verkeerd bly sal reg kry en verander. Hulle kan nie hul liefdes beleef in die wete van alles wat verkeerd bly nie. Waar alles verkeerd bly glo hulle daar is nie werklike liefde nie.

Christelike liefde verduur alle verlies en skade van wat verkeerd gaan sodat hulle in en deur die skade en verlies hulself nog kan gee. So volhard christene in liefde deur skade en verliese te aanvaar en te dra. Heidense liefdes is altyd regstellende aksie. Dit is liefdes wat skade en verliese wil en kan vergoed. Heidense liefdes kan nooit skade aanvaar en verliese dra om te volhard in liefde nie. Hulle liefdes moet altyd alles regkry en verander.

Dit stel ons voor die ondersoek oor die kerke van vandag – wat verkondig en leer hulle: die liefde van God  in Jesus Christus wat ons regmaak en verander of mense se geestelike liefde as krag wat ander mense regmaak en verander? Opsigtelik is baie kerke en gemeentes vandag besig om heidense liefdes binne kerke te preek asof die christelike liefde vir mekaar is.

5. Die heidense liefdes vir mekaar word vandag in die NG Kerk met twee woorde verkondig – meditasie en missionaliteit. Een so predikant het ‘n video vrygestel waarin hy soos ‘n Boeddhis sit en van ‘n vers uit die Bybel ‘n mantra maak. Saggies fluisterend en innig moet jy eers sê: “ Wees stil en weet ek is die Heer.” Na so geestelike stilte moet jy dan weer sê: Wees stil en weet”. Dan weer net die woorde “ wees stil” en dan die woord wat jou deel van die goddelike maak – moet jy net sag fluister: “Wees.”  Met hierdie fluister van hierdie mantra word jy leef van jouself en is jy alles, net soos in Boeddhisme. Jy gee jouself met hierdie mantra oor,  weg, op en prys en word alles van God binne in jouself. So leer die NG Kerk nou mense om in

meditasie in tuintjies rond te wandel van stasie na stasie en op  mistieke plekkies selfloos te word.

Na hierdie mistieke niksword sodat God alles in en deur my is moet jy dan kamstig missionaal word: jy moet papiere in townships gaan optel, huise en strate vir ander mense gaan regmaak en só, deur vrywillige en gratis gemeenskapsdiens maak jy God wat jy binne in jou het teenwoordig vir en deel van ander mense se lewens. Só is jy niks en het jy kamstig mense met goddelike liefde, God se liefde vir mense in jou, lief. Dit is niks anders as die heidense liefde wat alles wil regmaak en verander deur self niks te wees nie. (1 Kor.13: 1 – 3)

Waar begin hierdie heidense selflose liefdes wat alles wil regmaak en almal wil verander?

Dit begin by hulle bekering en doop! Hulle glo bekering is om soos Jesus jouself en jou eie persoon te kruisig, jou eie-ek dood te maak, die beheer van jou lewe prys te gee, jouself oor te gee aan God as offer vir jou sonde  en as jy al hierdie geestelike selfvernieling gedoen het, glo dat god dan binne in jou inkom en jou laat deel in sy goddelike lewe, krag, mag, wil en persoon. Met hierdie sogenaamde " eerste bekering" word jy vervul moet goddelike liefde waardeur jy nou ander mense gaan regkry en regmaak soos wat jy jouself reg gekry en reggemaak het en toe gedoop is om te wys jy het jouself reg gekry en verander vir God.

Hulle heidense liefdes begin met hulle geestelike bekering en doop.

6. Christelike liefde vir mense is die gawe wat God in ons skep deur ons in Christus as mens in die hemel in te sluit. So maak God ons reg – regverdig en heilig, en so verander God ons deur geloof in sy liefde, liefde vir mekaar en die hoop op liefde wat ewig is deur ons opstanding uit die dood, in ons te skep.

God gee ons vertroue in sy liefde, die liefde om onsself te gee en ander wat hulself gee te aanvaar en die hoop in liefde wat vir ewig behoue is.

Hierdie liefde in ons maak nie alles om ons reg en verander al die mense in ons lewe nie. Hierdie liefde laat my myself gee en ander wat hulself gee, aanvaar terwyl ons alles wat ons verkeerd is vir mekaar bedek, terwyl ons in alles wat verkeerd loop steeds werk en moeite doen om lief te hê, terwyl ons hoop op liefde wat ewig is in alles wat verkeerd bly en terwyl ons alle skade en verliese dra om te kan volhard in liefde.

Ons as gelowiges moet heidense liefdes in ons en die wêreld kan herken en daarmee breek – dit is ons daaglikse bekerings. Daar is nie 'n meer liefdelose mense as 'n mens wat selfloos is nie, niks vir niemand maar glo hy is alles vir almal. So 'n persoon is 'n weergalmende ghong en kletterende simbaal. Afwesige liefde is teenwoordige minagting en haat.

Ons moet breek met al hierdie selflose bekerings, dope, mistieke ervarings en missionale uitreike waarin ons glo ons God met ons goddelike liefde vir mense 'n werklikheid maak. Hierdie goddelike liefde vir mense is niks anders as die praktyke

en begeertes van die vlees nie. (Gal. 5: 17 – 21) Dit is liefdes waarin mense mekaar verskeur. (Gal. 5:15)

Kom ons leef uit die geloof dat Christus alleen ons en ons naaste regmaak en verander sodat ons mekaar net mag liefhê, in en deur alles ons self vir mekaar bly gee.